NUUSBULLETIN
JULIE 2024

NEWS BULLETIN
JULY 2024

Maandelikse Praatjie
Maandag 29 Julie 2024
10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

Monthly Talk
Monday 29 July 2024
10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

INSEK-KAMPIOENE MET SPESIALE VERWYSING NA SUID-AFRIKAANSE SPESIES

(Die praatjie is in Afrikaans met ’n Engelse PowerPoint-aanbieding)

DEON BEGEMANN

Insekte, wat driekwart van lewende spesies verteenwoordig, het die aarde bevolk miljoene jare voordat daar diere soos dinosouriërs of mense was, in die tyd toe die eerste landplante verskyn het. Weens hul groot aanwasvermoë en klein grootte kon hulle aanpas by byna elke moontlike habitat op aarde. Uit die mens se oogpunt doen hulle soms dinge wat onmoontlik lyk. Die lesing beskryf die verstommende lewe van 37 soorte insekte met uitstaande vermoëns.

Dr Deon Begemann is ’n gebore Pretorianer en begin in 1970, na matriek, vir die Departement Landbou-Tegniese Dienste werk by die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde. Hy verwerf die graad BSc Agric (Entomologie) aan Tukkies en die honneursgraad aan die UOVS. Sy MSc-graad fokus op die riviermuggies in die Vaal- en Oranjeriviere. Hy betree die sitrus-wêreld in 1982 en werk 13 jaar lank as entomoloog op Zebediela, destyds een van die wêreld se grootste sitrusplase. Daarna trek Deon en sy vrou Ronelle na die Laeveld naby Komatipoort waar hy vir 20 jaar diens doen as entomoloog en kwaliteitbestuurder in die sitrusbedryf. Sy doktorsgraad handel oor sitrus-plae.

Sedert 1993 is Stilbaai hul vakansiebestemming en sedert 2014 woon hulle permanent hier. Hy raak gou bewus van die bytende muggieplaag in die Suid-Kaapse duineveld wat van September tot November ’n groot probleem op plase is. Hy ontdek die broeiplek van die muggie en beskryf die bionomie en morfologie van die onvolwasse stadia in ’n 2023-publikasie wat op LitNet beskikbaar is en waarvan ’n skakel op U3A se webtuiste verskyn. Deon is voorsitter van U3A Stilbaai, die Stilbaai Bewaringstrust asook leier van die U3A-Astronomiegroep.

INSECT CHAMPIONS WITH SPECIAL REFERENCE TO SOUTH AFRICAN SPECIES

(The talk is in Afrikaans with a PowerPoint presentation in English)

DEON BEGEMANN

Insects, which represent three quarters of living species, populated the earth millions of years before there were animals like dinosaurs or humans, at the time when the first land plants appeared. Due to their large reproductive capacity and small size, they were able to adapt to almost every possible habitat on earth. From a human perspective they sometimes do things that seem impossible. The lecture describes the astonishing lives of 37 kinds of insects with remarkable abilities.

Dr Deon Begemann was born in Pretoria and started working for the Department of Agricultural Technical Services at the Veterinary Research Institute in 1970, after completing his matric. He obtained his BSc Agric (Entomology) degree from Tukkies and his honours degree from UOVS. His MSc degree focused on the river midges in the Vaal and Orange Rivers. He entered the citrus world in 1982 and worked as an entomologist at Zebediela, then one of the world’s largest citrus farms, for 13 years. Thereafter, Deon and his wife Ronelle moved to the Lowveld near Komatipoort, where he served for 20 years as an entomologist and quality manager in the citrus industry. His doctoral degree deals with citrus pests.

Since 1993 Stilbaai has been their holiday destination and the town became their permanent residence in 2014. Soon he became aware of the biting midge pest in the Southern Cape dune field which is a major problem on farms from September to November. He discovered the breeding site of the midge and described the bionomics and morphology of the immature stages in a publication in 2023 which is available on LitNet, with a link on U3A’s website. Deon is the chairman of U3A Stilbaai, the Stilbaai Conservation Trust and leader of the U3A Astronomy Group.

MAANDELIKSE PRAATJIE

Ons volgende maandelikse praatjie vind plaas op **26 Augustus 2024**. Adel Redelinghuys praat oor geestelike gesondheid by ouer persone.

Die program kan op kort kennisgewing verander.

Besoek ons webwerf by https://www.u3astilbaai.org vir opsommings (en video-opnames, waar beskikbaar) van al ons vorige praatjies.

MONTHLY TALK

Our next monthly talk will be on **26 August 2024**. Adel Redelinghuys will talk on mental health in older persons.

The program may change at short notice.

Visit our website at https://www.u3astilbaai.org for summaries (and videos, where available) of all our previous talks.

U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groepaktiwiteite is op ons webtuiste:
https://www.u3astilbaai.org/groups.html
Let asseblief daarop dat nie-lede wat aan groep-byeenkomste deelneem, R10 moet bydra per geleentheid. Opbetaalde lede dra R5 by.

Voëlgroep Terry Terblanche lewer ’n praatjie oor: “Ons kleurvolle swemmers” op 17 Julie om 19:00 in die Waenhuis.

U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities is on our website:
https://www.u3astilbaai.org/groups.html
Please note that non-members who participate in group activities must pay R10 per group meeting. Paid-up members pay R5.

Bird group Terry Terblanche presents a talk on “Our colourful swimmers” on 17 July at 19:00 in the Waenhuis**.**

DUIKBOOTMUSEUM

Tydens sy praatjie op 24 Junie het Johan Viljoen melding gemaak van die beoogde bewaring van die duikboot Assegaai as ’n tegnologiese museum. Lees meer hieroor by hierdie skakel.

SUBMARINE MUSEUM

During his talk on 24 June, Johan Viljoen mentioned the preservation of the submarine Assegaai as a museum of technology. Read more at this link.

LEDEGELD

Ledegeld vir 2024 is R30 per persoon. Om samedromming by ons maandelikse vergaderings te vermy (waar u kontant kan betaal) moedig ons lede aan om die ledegeld elektronies in ons rekening in te betaal. Gee asseblief U NAAM as die ontvanger se verwysing. Om u te registreer op ons ledelys, bevestig asseblief u betaling per e-pos aan info@u3astilbaai.org
Ons bankbesonderhede is:
ABSA Bank
Rekening: U3A Stilbaai
Rekeningnommer: 9321 782 429
Takkode: 632 005
Bedrag: R30 per persoon.

Moet asseblief nie u ledegeld oor die toonbank by ABSA betaal nie; die transaksiefooi alleen is ongeveer R70. Ook nie per kaartlose kontantdeposito nie; die fooi is byna R12.

MEMBERSHIP FEES

Membership fees for 2024 are R30 per person. To avoid the rush at our monthly meetings (where you can pay in cash) we urge members to transfer the money into our account electronically. Please enter YOUR NAME as the recipient's reference. To register on our membership list please confirm the payment by e-mail to info@u3astilbaai.org
Our banking details are:
ABSA Bank
Account: U3A Stilbaai
Account number: 9321 782 429
Branch code: 632 005
Amount: R30 per person.

Please do not pay your membership fees over the counter at ABSA Bank; the transaction fee alone is about R70. Neither per cardless cash deposit; the fee is about R12.

AANSPREEKLIKHEID

Neem asseblief kennis van die volgende artikels, aangepas uit die Grondwet van U3A Stilbaai:

10.1 Nóg U3A Stilbaai nóg die Komitee of enige lid van U3A Stilbaai sal enige aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van aksies te goeder trou, of ten opsigte van aanspreeklikhede, wat deur of namens U3A Stilbaai aangegaan is.

10.2 Nóg U3A Stilbaai nóg die Komitee of enige lid sal aanspreeklik of verantwoordelik wees vir skade of verlies wat veroorsaak is deur enige aksie of handeling wat deur hom/haar of enige agent in diens van hom/haar of deur enige lid uitgevoer word, of nagelaat word, mits redelike toesig uitgeoefen is oor enige sodanige agent, of as gevolg van enige fout of weglating wat te goeder trou deur die Komitee of enige lid gemaak is, of as gevolg van enige ander saak of ding anders as opsetlike en individuele bedrog of wangedrag of onregmatige weglating aan die kant van die Komitee of enige lid wat moontlik aanspreeklik gehou kan word.

LIABILITY

Please take note of the following articles from the Constitution of U3A Stilbaai:

10.1 Neither U3A Stilbaai nor the Committee nor any member of U3A Stilbaai shall incur any liability in respect of actions in good faith or in respect of liabilities incurred by or on behalf of U3A Stilbaai.

10.2 Neither U3A Stilbaai nor the Committee nor any member shall be chargeable or responsible for damage or loss caused by any thing or act done or omitted to be done by him/ her or any agent employed by him/her or by any member, provided reasonable supervision be exercised over any such agent, or by reason of any mistake or omission made in good faith by the Committee or any member or by reason of any other matter or thing other than wilful and individual fraud or wrongdoing or wrongful omission on the part of the Committee or any member who is sought to be made liable.